Die Burger 11/02/2014 Pg 3

# Rooigety sal riviermyl nie kelder

PORT ELIZABETH. – Geen rede tot kommer nie – die rooigety gaan nié die oudste riviermyl in die land belemmer nie.

Só meen prof. Janine Adams, 'n riviermond-ekologie-kenner aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit volgens 'n verklaring wat deur die organiseerders uitgereik is.

Een van die organismes wat tydens rooigety voorkom, *Lingulodinium polyedrum*, is volgens Adams wél in die Sondagsriviermond en in die Swartkopsrivier gevind, maar omdat die myl aan die Cannonville-kant van die Sondagsrivier plaasvind, is dit volgens haar veilig vir swemmers.

Die organiseerders haal ook dr. Tommy Bornman van die Suid-Afrikaanse omgewing-waarnemingsnetwerk aan wat laat blyk het dat die dominante rooigety-organisme in die Baai nie giftig vir mense is nie.

"Daar kan ander giftige spesies in die huidige rooigety teenwoordig wees omdat ons nog al die spesies moet identifiseer, maar hulle is min en behoort nie 'n impak te hê nie," het Bornman gesê.

■ Om in te skryf, besoek die webwerf www.rivermile.co.za. – **Medewerker**



**Die Spar-riviermyl word vanjaar die 90ste keer gehou. 'n Fees om dié geleentheid word Saterdag en Sondag aangebied.** Foto: VERSKAF